STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

18 FEBRUARIE 2018

GEMEENTEBULLETIN

EREDIENSTE

Fokusprogram begin			18 Februarie		25 Februarie	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	4	Ds. Visagie	5
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	6	Ds. Breytenbach	7
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Duvenhage	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	13	Ds. Visagie	11

OGGENDDIENSTE

Ware vrygewigheid

2 Kor 8:19

JEUGDIENS

God praat / Praat met

Matt. 6:5-15

DEUROFFER

Studente-bearbeiding is die kerk se belegging in die geestelike vorming van môre se leiers. Die grootste gedeelte van fondse gaan na Stellenbosch Kruiskerk en Wellington Moedergemeente. Ander kampusse wat bedien word, is Tygerberg en Kaapstad.

FOKUSPROGRAM - 11 FEB TOT 26 MRT

Tema: 'n Vrygewige lewe

- Woon sewe eredienste by.
- Woon vir ses weke studiegeleenthede in kleingroepe by, of ons spesiale grootgroepbyeenkomste wat gedurende die ses weke op Donderdagoggende 10:00 en Donderdagaande 19:00 in die kleinsaal aangebied sal word, of werk die studiemateriaal op jou eie deur.
- Bring weer 'n rooi kruis teen jou voordeur of tuinhek aan.

Handleidings (een per persoon), **DVD's** (vir groepleiers) en weeklikse **Video-insetsels** is op die volgende plekke beskikbaar:

- Na die oggenddienste buite by die inligtingstafel, of in die markplein.
- Op www.stellenberg.co.za / fokusprogram (handleidings en video's)
- By die kerkkantoor tussen 08:00 en 14:00 weeksdae

Rooi kruise (vir diegene wat nie meer een het nie) is na oggenddienste of by die kerkkantoor beskikbaar.

JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS begin 18:00 met kleingroepe wat daaruit vloei.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS ontmoet om 17:30 in groepe.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- STUDENTE EN JONG WERKENDES word uitgenooi om Sondag 16:45 in die jeuglokaal bymekaar te kom.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- JEUG APP gaan na *Google Play* of *Apple Store,* soek "Stellenberg" en laai af.

KLEINGROEPLEIERS - KATEGESE

Daar is 'n ernstige tekort aan kleingroepleiers by onderskeie graadgroepe. Ons verstaan dat ouers veeleisende werksverpligtinge het en wil voorstel dat twee ouers 'n groep deel.

By grade 1, 4, 6 en 7 is so 'n groot tekort aan leiers dat hulle glad nie kan funksioneer nie. Die graad 7's benodig vyf leiers, die graad 6'e kort ses leiers en die graad 3's vier leiers. By senior kategese word vyf leiers dringend by die graad 8-groep benodig en twee by die graad 9-groep. Indien jy kan help, stuur asb. 'n e-pos aan sunet@stellenberg.co.za

VATVYF

21 Februarie 09:30: Kom geniet heerlike verversings en leer meer oor die geskiedenis van MATROLBAL. 'n Spanningsvolle vertoonwedstryd tussen die predikantespan en die *A- team* van die gemeente is die oggend se hoogtepunt. Bespreek by Karin by 021 976 4519 sodat ons genoeg eetgoed kan voorberei.

19 Maart om 10:00 (Uitstappie): Kom kuier saam vir 'n heerlike bederf oggend met Sonja Heroldt by D'Aria. Koffie/tee/sap en verversings ingesluit. Besprekings teen 19 Februarie by Karin 021 976 4519. Gee 'n aanduiding of jy van kerkvervoer gebruik wil maak. Bussies vertrek vanaf die kerk om 09:30

JEUGKLEINGROEPE LOKALE

Graad 1: Kleinsaal
Graad 2 &3: Grootsaal
Graad 4: Bo-vertrek
Graad 5-6: Kerk
Graad 7: Jeuglokaal
Graad 8: Grootsaal
Graad 9: Jeuglokaal
Graad 10: Kerk
Graad 11: Kleinsaal

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

POPPE

Die Elsiesrivier Care Centre benodig tweedehandse poppe vir kinders om mee te speel. Gee bydraes by die kerkkantoor af.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE 1 MRT 19:00

Ds. Nioma Venter, Predikant in Sinodale Diens: Diaconia is die spreker by ons Wêreldbiddag vir Vroue op Donderdagaand 1 Maart om 19:00 in die kerk. Sy is 'n opgeleide maatskaplike werker en was voorheen predikant in Prieska en Worcester.

DIE KUIERBASAAR VRYDAG 2 MAART

Ons benodig nog 40 vrywillige helpers se hulp by die basaar.

Help asb ook met :

- Gasbottels met primuskop om te leen.
- Bydraes vir snuffeltafel sal waardeer word. Gee asseblief by die kerkkantoor af.

Teken asb. jou naam op die lyste by die inligtingstoonbank aan indien jy bereid is om behulpsaam te wees, of 'n bydrae wil maak, of kontak Christine Morsbach direk by 082 353 9917 of christinemorsbach@gmail.com

NUWE LERAAR

Ds. Pieter Roeloffse van NG Kerk Prins Alfred Hamlet is na die gemeente beroep. Die amptelike beroepingsbrief is op Woensdag 14 Februarie aan ds. Roeloffse oorhandig. Hy het twee weke tyd om die beroep te aanvaar of te bedank.

KOSPROJEK INSAMELING

Die volgende insameling is op 27 Februarie. Gee bydraes van nie-bederfbare kosprodukte asb. by die kerkkantoor af voor of op 27 Feb.

BARISTA

Ons is op soek na iemand wat graag opgelei wil word as 'n Barista vir die kafeteria. Diensbeurte is ongeveer twee keer per maand en betaling word aangebied. Kontak Sanel by 021 976 4519 / sanel@stellenberg.co.za

EDELWEISS BYBELSTUDIE

22 Feb 15:00 en 15:45

Job no. 9

Job 22 tot 24:

Wat weet God?

Huisbyeenkoms

Sondag 25 Feb 18:00

Johannes 1:1–18

Jesus sit genade naby ons neer.

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

BREIGROEP

Ons kom weer op 5 Maart om 09:30 in die kafeteria bymekaar. Bring gerus 'n vriendin saam. Kontak Ria McMicken by 083 519 0602.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za

HELP ASSEBLIEF

- **Helpers by die kafeteria:** Indien jy bereid is om een / twee keer per kwartaal vanaf 09:00 tot 11:00 op 'n Sondagoggend 'n diensbeurt by die kafeteria te neem, kontak asb. vir Sanel by sanel@stellenberg.co.za (Jy hoef nie skottelgoed te was nie).
- **Eredienswerkers:** Ons kort eredienswerkers by al die eredienste. Diensbeurte is gemiddeld een keer per maand. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za
- **Sekuriteitshelpers:** Ons sekuriteitspanne wat weekliks roteer om motors tydens eredienste op te pas benodig helpers. Indien jy bereid is om ongeveer een keer in twee maande 'n diensbeurt waar te neem stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za

KUIER SAAM IN VOSBURG

Die Vosburg-komitee besoek Vosburg vanaf 27 April tot 1 Mei. Ons wil graag 'n uitgebreide gemeentegroep saamneem en nooi enige een om saam te gaan. Ons woon Vosburg se jaarlikse basaar Saterdagoggend by asook die kerkdiens op die Sondag. 'n Gedeelte van die naweek kan bygewoon word en saamry geleenthede sal gekoördineer word. Kontak Christine Ferreira (083 440 2086) om die nodige reëlings te tref.

EREDIENS VIR HAWELOSES

Ds. Why Duvenhage preek op 25 Februarie by 'n kerk vir haweloses in Dirkie Uysstraat 12, Bellville. Ons nooi gemeentelede uit om saam te gaan. Na die diens wil ons graag vir die kerkgangers iets te ete aanbied. Ons ontmoet mekaar om 09:00 by die kerk.

VAKATURE STELLENBERG GEMEENTE

Administratiewe beampte: wat die kantoor daagliks vanaf 08:00 tot 11:00 met 'n verskeidenheid van administratiewe take behulpsaam kan wees. Die suksesvolle kandidaat moet oor goeie organiserings– en rekenaarvaardighede beskik. Kennis van MS Word, Excell en Outlook is 'n vereiste. CV's kan aan stellenberg@stellenberg.co.za voor 26 Februarie gestuur word.

GEBEDSGROEP

Dinsdagaand om 19:00 in die gebedskamer. Gebedsversoeke kan via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

Daar is ook elke Maandag om 09:15 'n vrouebiduur in die gebedskamer.

Almal is welkom.

SNAPSCAN KODE